Junie 2018

**Wêreldekonomie**

VS-vertrouensaanwyers bly relatief hoog, maar het aangehou om in die afgelope maande te verswak. Bekommernisse oor hoër VS-rentekoerse en 'n eskalasie van die wêreldwye "handelsoorlog" begin nou 'n uitwerking hê. 'n Model deur ekonome by Pictet Asset Management in Londen meen 'n 10%-tarief op VS-handel wat ten volle aan die verbruiker deurgegee word, kan die wêreldwye ekonomie in 'n toestand van stagflasie laat kantel en twee en 'n half persent van korporatiewe verdienste inboet. Duitse nywerheidsbestellings het in Mei herstel na vier opeenvolgende maandelikse dalings, het data getoon. Die Internasionale Monetêre Fonds (IMF) het sy 2018-voorspelling vir Duitse BBP-groei tot 2,2% verlaag, en gesê toenemende proteksionisme en die bedreiging van 'n moeilike Brexit het Europa se grootste ekonomie aan aansienlike korttermynrisiko's blootgestel. Volgens 'n opname het Brittanje se groot diensnywerheid verlede maand teen sy vinnigste koers sedert Oktober gegroei, wat beleggers se verwagting steun dat die Bank van Engeland volgende maand rentekoerse gaan verhoog.

**SA Ekonomie**

SA se verbruikersinflasie het in Mei 2018 aan die negatiewe kant verras deur tot 4,4% jaar tot jaar te daal, ten spyte van die hoër brandstofprys. SA se tekort op sy lopende rekening het skerp in die eerste kwartaal van 2018 gegroei tot 'n enorme -4,8% van BBP. SA het in Mei 'n verbeterde handelsurplus van R3,5 miljard aangeteken, met uitvoere wat vinniger as invoere styg. Die petrolprys het met R3,26/l die afgelope vier maande gestyg en met 24% die afgelope jaar. Suid-Afrika sal dit moeiliker vind om fondse in te samel en sy buitelandse skuld te betaal na 'n verswakking van eksterne finansieringstoestande die afgelope maand weens 'n val in die rand en stygende effekte-opbrengs, het Moody's gesê. Die Suid-Afrikaanse mark van nuwe voertuie het met 3% in Junie gegroei in vergelyking met dieselfde maand verlede jaar. Die Ontwikkelingsraad van die Konstruksiebedryf (CIDB) sê algemene bouvertroue het in die tweede kwartaal met drie punte gedaal – sy laagste vlak in ses jaar. Die Standard Bank Koopbestuurdersindeks (KBI) dui aan dat saketoestande in die private sektor in Junie verbeter het na stagnasie in Mei.

**Tendense en geleenthede**

- Nog twee koersverhoging word steeds vanjaar in die VS verwag.
- SA rentekoerse sal na verwagting onveranderd bly tot laat in 2019.
- Inflasie in SA sal na verwagting steeds neig om opwaarts te beweeg.

*"The least initial deviation from the truth is multiplied later a thousandfold."*– ***Aristotle***

**RvD de Kock** **PJ de Jongh**